

HOOFSTUK 2

DIE REISVERHAAL - 'N ALGEMEEN INLEIDENDE KOMMENTAAR

Om na 'n onbekende land te reis; om die aard van die landskap, die mense en hulle maniere daar te leer ken, bly nog steeds 'n opwindende ervaring. Die revolusie wat die moderne tegniek ten opsigte van lugvervoer teweeggebring het, het die wêreld benouend klein gemaak. Wat vroeër 'n onbereikbare wêrelddeel was, het nou skokkend naby gekom, intiem bekend geword.

Om dié rede is die merkwaardige opbloeï van reisprosa in die eietydse wêreldliteratuur verstaanbaar. In die verband voer Broadus (1976:190) aan dat sedert 1975 daar jaarliks in die V.S.A. ongeveer eenduisend onderskeie reisboeke gepubliseer word. Volgens W.S. Maugham via Helen E. Haines (1954:32) kan die behoefte en later die herinneringe aan die reis deur die waarnemer-skrywer so beskryf word dat enige leser dié avontuurlike ervaring beleef asof hyself 'n medereisiger was: "I travel because I like to move from place to place, I enjoy the sense of freedom it gives me, it pleases me to be rid of responsibilities, duties; I like the unknown; I meet odd people who amuse me for a moment . . . I am often tired of

myself and I have a notion that by travel I can add to my personality and so change myself a little. I do not bring back from a journey quite the same self that I took."

Goeie reisliteratuur was nog altyd 'n bestanddeel van enige land se epiese prosa. Die subgenre van die epiek, wat aan sy romantiese en informatiewe aard geken word, het ook sy verteenwoordigende beoefenaars in alle literêre periodes van die Afrikaanse letterkunde gehad. Die behoefte van reisiger-skrywers hier te lande om hulle reisindrukke op papier te stel, word deur M.E.R. so beskryf: "Reisbeskrywings en die vertel van vreemde lewensgewoontes — daarvan is onse taal nie arm nie. Die wat uit ons Suidafrika oor die see vaar, kan nie wag om hulle ondervindings en bevindings aan bekendes en onbekendes mee te deel nie, skryf lang briewe en koerantartikels op reis, en loop dan by tuiskoms nog oor in 'n boek" (M.E.R., 1965:5).

Reisverhale is so oud soos die mens self. Verhale oor reise was onder andere die eerste stories wat deur die primitiewe mens oorvertel is, en weens die mondelinge oordrag daarvan, het dié oudste vorm van reisindrukke in die vergetelheid geraak. Die konkrete erfenis van die reisbeskrywing, waaronder 'n mens 'n "relaas van een reis waarbij de aandacht tevens valt op wederwaardigheden in, en bijzonderheden en kenmerken van, bepaalde streken of landen"

(Wereldliteratuur^{*)}, dl. 7:218) verstaan, het eers met die koms van die geskrewe woord gestalte gekry. Die reisverhaal is dus 'n veelsydige onderwerp. Die teenswoordige reisliteratuur se wortels gaan baie ver terug, en hoe verder 'n mens in die geskiedenis daarmee gaan, des te boeiender word die stof.

"Als je de kat naar Rome stuurt, zegt ze nog 'miaauw', als ze terugkomt" (Smit en Stuiveling, 1947:5). Die "aardige spreekwoord" het 'n sterk verband met die waarde van reise en reisverhale, want: "Wanneer men verre reizen doet dan kan men veel verhalen" (Smit en Stuiveling, 1947:5). Mense wat dus 'n "stomp" sin=tuiglike waarnemingsvermoë het, se reise lewer gewoonlik niks noemenswaardig op nie, terwyl reisigers met 'n sensitiewe aanvoeling vir indrukke van buite sinvol oor hulle ervarings in die vreemde kan vertel. Derhalwe is die verhelderende lig wat uiteindelik op die mens in die menslike situasie gewerp word, die grootste waarde wat 'n reisboek kan hê. Die reisi=ger, wat voortdurend behoefte aan skoonheidsbevrediging het en boonop sy belewenisse en waargenome indrukke op unieke wyse deur die geskrewe woord kan vertolk, se verwoording van sy reis is vir die doel van die studie van belang.

*) "Wereldliteratuur" sal deurgaans in die studie na Moderne encyclopedie der wereldliteratuur verwys.

Uit 'n verantwoorde opstel oor die teorie van die reisverhaal wat Ernst van Heerden (1963:3) geskryf het, kan 'n mens die "vereistes" waaraan 'n reisboek=skrywer moet beantwoord soos volg saamvat: die reisi=ger-skrywer moet 'n fyn en mededeelsame waarnemer wees; hy moet oor die gawe beskik om die woord presies te gebruik; die waargenome dinge moet geselekteer word; die in verband bring van die vreemde met die bekende werklikheid of dan met norme waarmee sy potensiele leser bekend is; sy skepping van 'n atmosfeer en die balans wat hy tussen sy geestelike avontuur en die werklike, waargenome dinge moet vind.

Elsa Joubert (1972:2) het in 'n mate gelyk dat "die Israeliete se veertigjarige omswerwing in die woes=tyn, die oudste reisverhaal [is] wat die Weste ken." Die trekverhaal uit Exodus en Numeri, wat aan die Christenwêreld so goed bekend is, beskik wel oor sekere strukturele elemente van die reisverhaal, maar kan nie eksplisiet as reisliteratuur getipeer word nie. Alhoewel die verhaal van die Israelitiese uitog vanuit die perspektief van die objektiewe verteller aangebied word, vind 'n mens egter al die elemente wat die reisprosa gemeen het: die roeping van Moses tydens die verskyning van die Engel in 'n vuur=vlam uit 'n doringbos, die exodus uit Egipteland, die ontberings en wonderwerke langs die trekpad en eindelijk die gelouterde volk wat die beloofde land Kanaän kon binnegaan. Gedagtig aan die feit dat Moses ongeveer 1225 v.C. (Grosheide, 1955:339) gebore is, kan 'n mens beweer dat die verhaal van die

Israelitiese trek die oervorm is waarop die latere Westerse reisboekskrywers voortgebou het.

Ongeveer 850 v.Ĉ. vind 'n mens Homerus se Odysseia. Die epos is in digvorm geskryf en handel oor Odysseus (Ulysses) se terugtog na die Trojaanse oorlog. Die gedig verhaal nie die volledige, historiese feite nie en die verbeelding speel hierin 'n groot rol. Die Moderne encyclopedie der wereldliteratuur (dl. 7:222) beskou die epos as "het oudste voorbeeld van reisliteratuur" en by die siening kom daar nog 'n plusfaktor, naamlik dit is "de literatuur waarbij de reis word gezien als een symbool, byvoorbeeld van het menselijk leven of een fase daarvan."

Gedurende die Klassieke Oudheid, omtrent die vyfde eeu voor Christus, vind 'n mens Herodotus se magistrale Historiae, waarin beskrywinge van sy reise na Griekeland, Asië, Egipte en Italië opgeneem is. Van 'n heel ander aard in die tyd was Xenophon se Anabasis wat nie net "handelsmissies en veldtochten" (Wereldliteratuur, dl. 7:219) beskryf het nie, maar ook 'n sterk filosofiese inslag gehad het.

Ook Elsa Joubert deel die mening dat die reisverhaal die moontlikheid van 'n simboliese duiding kan hê. Sy sê dat "die reisverhaal die ideale medium word vir die allegorie of simboliese vertelling", en volgens haar bly die mens op reis "nie staties nie, hy verander, die reis en sy wedervaringe bring sy latente eienskappe na vore" (Joubert, 1972:3).

Die laat-Middeleeuse teks van Dante, naamlik Divina commedia, waar Virgilius letterlik en figuurlik die skrywer as gids na die hemel via die hel en vagevuur dien, is 'n mooi voorbeeld van die simboliek wat in die menslike pelgrimstog ingewef is. Die verhaal, wat in versvorm geskryf is, is 'n verbeeldingsreis deur "the world of souls" (Hammerton:970) waar onderskeidelik twee gidse met die volgende simboliese heenwysings optree: die wysheid word deur Virgilius en die heerlikheid van God word deur Beatrijs gesimboliseer.

Gedurende die Middeleeue vind 'n mens ook naas die reisverhaal "wat allegorie geword het" (Joubert, 1972:2) die suiwer reisbeskrywing met 'n oorwegend feitelike inhoud, byvoorbeeld die verslag van Marco Polo se reis (1271-1295) na Kublai Khan in Tartarye. In Voyage of Sir John Maundeville (1355), waar daar op die grens van feite-inhoud en fantasie gehuiwer word, word die reise van 'n Engelse edelman na die Heilige Land, Turkye, Persië, Egipte en Indië weergegee.

Miguel de Cervantes se beskrywing van Don Quixote se togte onder die titel Don Quixote de la Mancha (1605), het nie net 'n sterk verband met die reisverhaal nie, maar lê ook hierin die grondslag van die "moderne" roman. Hierdie beskrywing van Don Quixote se togte toon dat die enkeling belangriker as sy gemeenskap is en "dat die droom meer sin het as die besondere stel omstandighede wat ons 'die werklikheid' noem" (Brink,

The pilgrim's progress (1678) van John Bunyan is 'n religieus-filosofiese, gerigte beskrywing van 'n pelgrimstog wat as produk van die sewentiende eeu nog altyd en orals geldig is.

Die sewentiende-eeuse reisbeskrywings het ook die weg vir die avontuurroman van die agtiende eeu gebaan. Die Nederlandse reisiger-joernaalskrywers soos Van Linschoten, Bontekoe van Hoorn en Hendrik Hamel het in sewentiende-eeuse Hollands as "vaarders na die onbekende" (Van Heerden, 1963:1) hulle avonture verhaal. "De picareske roman met de reis van heer-met-(schelm)-knecht" (Wereldliteratuur, dl. VII:224) as grondpatroon, se belangrikste eksponente in die agtiende eeu was Defoe, Smollett en Fielding, en in die negentiende eeu die jeugwerk van Dickens, onder andere The Pickwick papers (1837).

Die Industriële Rewolusie het 'n sterk verstedelingsproses teweeggebring wat aanleiding tot 'n nuwe soort reis gegee het. Tydens die periode van die Romantiek word die landelike die toevlugsoord waar die mens van die "milieubedervende stadsatmosfeer" (Wereldliteratuur, dl. VII:221) kon ontsnap. Gevolglik vind 'n mens in die reisprosa 'n groter subjektiewe element — die waarneming is hoofsaaklik op die pittoreske, die idilliese in die natuurlandskap gefokus. Die toenemende, subjektiewe aard in die reisgeskifte word deur Van Heerden so gemotiveer: ". . . of die

reisiger minder of meer 'uiterlike' feite meedeel, basies gee hy feite oor homself. In dié opsig is reisliteratuur byna so 'persoonlik' soos die poësie self!" (Van Heerden, 1963:1). Bekende skrywers en hulle werke kan in die verband genoem word: William Wordsworth se Descriptive sketches (1793), J.W. von Goethe met sy Italienische Reise (1816), Reisebilder (1826-1831) van Heine en Lord Byron se Childe Harold's pilgrimage (1812-1818).

Daar het ook omstreeks die helfte van die agtiende eeu ten opsigte van die terminologie van die reisbeskrywing 'n verandering gekom. Die term "journey" in die Engelse reisprosa is deur "tour" vervang. Die woorde "grand tour", wat gedurende die Renaissance in die terminologie van die reisliteratuur opgeneem is, word in die periode meer algemeen gebruik. Die goedkoper en moderner vervoer van die negentiende en twintigste eeu het ook die woord "toerisme" tot gevolg gehad. Die reisdrijf van die bemiddelde, moderne mens het ook die eerste series reisgidse die lig laat sien. Voorbeelde hiervan is die Handbooks van John Murray, die ou Baedekers, die bekende Guide Bleu — en die Michelin-reekse, die Mc Graw-Hill pocket travel guides en Neal's Reference guide for travellers. Dié lektuur wil niks meer as reisgidse wees nie, en uit die oogpunt van die kunsprosa het dit geen waarde nie.

Aan die einde van die vorige eeu is dit skrywers soos Couperus, Kipling, Conrad en André Malraux wat

bydraes tot die Westerse reisprosa gemaak het. Die eksponente van die reisliteratuur van die twintigste eeu was onder andere die twee Engelse skrywers: E.M. Forster met sy A passage to India (1924) en A room with a view (1908); dan Under the volcano (1947) van Malcolm Lowry, en Amerikaanse skrywers soos Nabokov (Lolita, 1955) en Kerouac (On the road, 1955).

Uit die verwysings na die algemene geskiedenis van die reisprosa en die historiese oorsig van die reisverhaal in Afrikaans wat in hoofstuk vier bespreek word, kan 'n mens aflei dat reis en die verslaggewing daarvan, sedert die oertyd tot vandag, 'n aktiwiteit van die mens was. Dat die goeie reisverhaal deur al die eeue die tyd deurleef het en die subgenre se gewildheid, veral na Wêreldoorlog II hier te lande by skrywers toegeneem het, gee aan die prosasoort 'n lang en eerbare tradisie. Die historiese verloop dui baie duidelik aan dat die reisverhaal in sy eie reg kan bestaan. Solank die mens die bekoring, romantiek en avontuur idealiseer wat 'n reis na die vreemde hom kan bied, so lank sal die lees van 'n reisverhaal 'n enige ondervinding bly. Die hoë uiteensyfer van reisboeke by openbare, kollege- en universiteitsbiblioteke is 'n mooi voorbeeld van die mens se ononderbroke belangstelling in reisprosa.

Die reisprosa sluit inhoudelik baie meer in as bloot net "travelers' tales"; vandaar die subgenre se hibriediese karakter. Haines (1954:302) is dus nie

verkeerd as sy reisprosa soos volg karakteriseer nie: "It is one of the most diverse and far-reaching divisions of literature. It holds the raw materials of history in records of exploration and archaeological discovery, in annals of voyagers and adventurers. It extends into science — into zoölogy, anthropology, botany, the study of man, of nature, and of the earth." Die vraag of reisprosa tot literatuur gereken kan word, word deur bogenoemde omskrywing 'n moeilike probleem om op te los. Dit is ook geen uitsondering nie dat skrywers hulle reisboeke van toeliggende kaarte, foto's en illustrasies voorsien — sodoende word die realiteit van die waargenome dinge verder bevestig.

Die reisboekskrywer moet egter sy stof selekteer en dit tegnies so versorg dat die strukturele komposisie van die reisliteratuur nie versteur word nie, met ander woorde, daar moet teen 'n opsetlike, hibridiese produk gewaak word. Dit is opvallend dat biblioteke probleme met die hibridiese karakter van reisboeke ondervind, want volgens die Dewey-Desimale Klassifikasiestelsel word dié materiaal onder die 914-919-klas geklassifiseer, met ander woorde Geografie wat ook reisbeskrywings insluit.

Dit is ook duidelik dat die reisprosa hom in verskillende vorme openbaar en nie 'n omlynde genre soos die kortverhaal of die roman is nie. So vind 'n mens verskillende verskyningsvorme van die reisprosa: die reisverslag, reisjoernaal, reisbrief, reisessay,

reis-skets, reisroman en selfs reispoësie soos in Os Lusíadus van Camões. Binne een reisboek kan ook verskeie genres gevind word, byvoorbeeld in 'n Seisoen in die Paradys van Breyten Breytenbach (skuilnaam B.B. Lasarus) word die prosa (reisverhaal, dagboek, brief) en poësie betrek.

'n Onderskeidende kenmerk van die reisverhaal is sy informatiewe aard. Baie skrywers struikel op dié gebied, want informasie word soms te veel vanuit 'n meerderwaardige houding aangebied, en 'n ooraanbod van byvoorbeeld aardrykskundige gegewens skep die idee van 'n leerboek in die Geografie. Die reisboek wat so gestruktureer is dat dit 'n kwalitatiewe element besit wat orals geldig kan wees en bo die tyd kan uitstyg, kan bepaald op 'n sekere kategorie van die letterkunde aanspraak maak.

In 'n tyd waar feitlik geen land of streek van die aardbol meer onontdek is nie, moet die reisiger-skrywer in sy reisgeskifte groter oorspronklikheid en smaak aan die dag lê: "to enrich it, to give it piquancy and a reason for existence" (Haines, 1954: 319). Daarom moet die reisboekskrywer van 'n bepaalde probleemstelling uitgaan; hy moet die reis met 'n sekere instelling onderneem en die fisiese reis moet met 'n tweede — 'n geestelike reis — gepaard gaan. Op dié manier word die reis op 'n subjektiewe wyse beleef en ook so beskryf. Aan die einde van die reis moet die skrywer 'n visie nhou, wat die moontlikheid van tydloosheid en algemene

geldigheid het. Elsa Joubert vat die siening in die volgende woorde so saam: "Ek dink dit is die insig wat verkry word op die reis; die geestelike reis wat afgelê word. Die feit dat die reisiger — skrywer en leser — effe anders aan die einde van die boek is as aan die begin; dat daar 'n tweede reis was, 'n geestelike reis. 'n Reis wat nuwe begrip meebring: van die wêreld wat verken word, of die mense wat ontmoet word, of en veral van jouself" (Joubert, 1972: 5).

Die gebore reisiger, wat voortdurend die drang na reis en die verkenning van die vreemde het en by elke nuwe reis aan homself 'n doelwit stel, is die persoon wat die vermoë tot groter inlewing in sy reis het. Uit die woorde van Ibn Batuta wat as pelgrim in 1325 Tangier op pad na Mekka verlaat het, vind 'n mens iets van dié inherente aangetrokkenheid tot die reis na die onbekende: "If God decrees my death it shall be on the road with my face set towards Mecca" (D'Oyley, 1932:6).

Verwysings by hoofstuk twee

- Brink, André P. 1967. Aspekte van die nuwe prosa.
- Broadus, W.N. 1976. Selecting materials for libraries.
- D'Oyley, Elizabeth. red. 1932. Great travel stories of all nations.

- Grosheide, F.W. red. 1955. Bybelse ensiklopedie.
- Haines, Helen E. 1954. Living with books.
- Hammerton, J. red. The new book of knowledge.
- Joubert, Elsa. 1972. Die reisverhaal. In: Tydskrif vir letterkunde, nuwe reeks 10:3.
- M.E.R. 1965. Inleiding. In: M.E.R. samest. Brieve uit Highveld.
- Moderne encyclopedie der werelddliteratuur, dl. VII.
- Smit, J. en Stuiveling, G. samest. 1947. Reisverhalen.
- Van Heerden, E. 1968. Die reisverhaal — teorie en praktyk. In: Klasgids, Jg. 3:4.